BYBELSTUDIE DOOD EN HIERNAMAALS LES 11.

Tema: Eindbestemming – Die nuwe Aarde.

Opsomming Les 10:

- Die woord Gehenna [oorwegend vir hel] is afgelei van ’n vallei in die Ou Testament naby Jerusalem met die naam Ge-Hinnom. In die gebied het verskriklike goddeloosheid geheers en God sou dit vernietig. Dit sou daarna bekend staan as Moorddal. In die tyd is groot vragte hout in ’n diep gat aan die brand gesteek en het konings hul kinders daar geoffer vir die afgod Molog. Koning Josia sou dit later weer herstel maar Jerusalem se afval is in die gebied verbrand. Op die manier kom Gehenna van Ge-Hinnom.
- Wat plek betref [hel] is Hades en Gehenna dieselfde. Maar Hades verwys wel na die woonplek van die goddelose siele voor die wederkoms en eindoordeel terwyl Gehenna daarna verwys ná die wederkoms en eindoordeel van God.
- Die beelde wat na vore kom in die hel is goddeloosheid, pyn en goddelike oordeel.

Bybelstudie Dood en Hiernamaals Les 11. Eindbestemming – Die nuwe Aarde.

1. LEES: a. Genesis 1:8; Matteus 6:26 b. Deuteronomium 4:19; Matteus 24:29 c. 1 Konings 8:27; 2 Korintiërs 12:2.
   In die Bybel word van drie hemele gepraat. Vir duidelikheid, onderskei die drie hemele van mekaar.

2. LEES: Johannes 14:1-4.
   Wat word bedoel met die Vaderhuis en sy baie wonings? Wanneer is dit voltooi?

Voordat die nuwe aarde ons deel word, in die voorbereiding daarvan, vind die wederkoms van Christus plaas. Daarna lees ons telkemale van die nuwe hemel en die nuwe aarde [vgl. 2 Petr. 3:13] wat te voorskyn sal tree as God sy oordeel oor alles laat gaan het. Wat behels die nuwe hemel en aarde? Waar gaan dit wees? Gaan alles anders wees?

3. LEES: Markus 13:24-25; Romeine 8:18-22; 1 Korintiërs 7:31; 2 Korintiërs 5:17; 2 Petrus 3:10-13; 1 Johannes 2:17 [Let op: die *gedaante* van 1 Korintiërs 7:31 beteken in die oorspronklike taal skema. In 2 Korintiërs 5:17 beteken *nuut word* nie splinternuut asof ’n nuwe skepping nie. Dit is net ’n herskepping].
   Wat leer hierdie gedeelte ons oor die nuwe aarde?

4. LEES: Openbaring 21:23,26; 22:5; 1 Korintiërs 15:28; Matteus 7:14; Openbaring 7:9.
   Uit hierdie Skrifgedeeltes kom die volgende vrae na vore:
   - **Hoe word God en die gelowiges op die nuwe aarde vir ons geteken?**
   - **Hoeveel gelowiges gaan daar wees**?

5. LEES: Filippense 1:23.
   Wat hou die nuwe aarde se hoogste saligheid vir ons in?

6. LEES: 2 Korintiërs 3:18.
   Sal ons God die Vader en die Heilige Gees op die nuwe aarde direk sien?

ANTWOORD.

1. Die wolkehemel, die lug. Die sterrehemel. Die woonplek van God en die engele asook die bestemming van die verloste siele na die dood.
2. Hierdie Vaderhuis word deur baie verkeerd verklaar en beskou as sou dit die tuiste vir gelowiges wees wat nou deur Christus voorberei word. Met ander woorde wanneer ek sterf is my woning in die hemel gereed. Jesus se egter baie duidelik: *En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is*. Dit dui op die wederkoms van Jesus Christus. Baie duidelik dui die Vaderhuis wat vir ons voorberei word nie op die huidige hemel nie, maar op die nuwe hemel en aarde. Dit is die ewige plek van verblyf waar die gelowiges tot rus kom, waar hulle tuis is as één groot familie. Almal is geheiligdes, één in die liefde en één in hul geluk. Die baie wonings is beeld van die ruimheid van die nuwe aarde, maar dui ook die groot verskeidenheid aan wat daar sal wees.

3. Die nuwe aarde is hierdie aarde soos ons dit ken. Maar voordat die nuwe aarde na vore kom, sal die wederkoms en God se oordeel eers plaasvind. In die tyd sal die hemele verbrand, die son sal verduister en die maan sal sy glans nie meer gee nie.

   Die sterre sal van die hemel val en die magte van die hemel sal wankel [2 Petr.3:10,12; Mark.13:24-25]. Die gedaante van die wêreld gaan verby. In die Grieks staan dat net die skema van die wêreld verbygaan [1 Kor.7:31]. Alles sal nuut word [2 Kor.5:17]. Die woord vir nuut beteken nie splinternuut of ’n nuwe skepping nie. Dit is alleen maar ’n herskepping. Baie duidelik beteken die nuwe aarde dat alles – die ganse skepping – net gereinig gaan word van alle sonde en die gevolge van sonde. Dit sal die aarde en skepping wees soos God dit oorspronklik bedoel het. Daarom moet ons nie dink dat die hemel en die aarde gaan verdwyn nie. Ook nie die natuur met alles wat dit inhou nie. Op daardie dag sal die natuur, volmaak geskep, in heerlike harmonie wees [vgl. Rom.8:18-22]. So leer die hele Bybel ons dat die substansie van die ou skepping [aarde] nie verander nie – maar alleen die sondeverwoeste gedaante en begeerlikhede [sonde] [vgl. 1 Joh.2:17].
4. Wanneer 1 Korintiërs 15:28 sê dat God alles in almal geword het, beteken dit dat al God se werke – alles wat Hy is en doen - tot openbaring kom. Daarmee saam sal die kennis en gawes en talente en wetenskap en tegniek van al die volke [gelowiges] op die nuwe aarde ingedra word [Openb.21:26].
   En die aantal gelowiges? Gemeet aan die groot wêreld van ongeloof, sal die getal gelowiges op die nuwe aarde maar ’n klein kudde wees [Matt.7:14], maar dan tog ’n skare wat niemand sal kan tel nie [Openb.7:9]. Dit sal ’n nuwe mensheid wees wat God ewig sal dien en in wie Hy Hom ewig sal verheug.
5. Dat ons daar met Christus sal wees. Reeds op aarde het ons as verlostes ondervinding van Christus, Sy verlossing, Sy genade, Sy Gees. Maar op die nuwe aarde sal ons innig met Christus verenig word. Tot so ’n mate dat ons Hom van aangesig tot aangesig sal sien. Ons sal Hom aanbid en vereer.
6. Nee! Nooit sal die mens, ook as nuwe mens, God die Vader en die Heilige Gees van aangesig tot aangesig sien nie. Die grens tussen Skepper en skepsel sal nie uitgewis word nie. Wel sal ’n volmaakte gemeenskap met die Vader en die Heilige Gees in en deur Jesus Christus moontlik wees. Ons sal op die nuwe aarde die heerlikheid van die Here aanskou. Die menslike natuur van Jesus Christus sal dit vir ons moontlik maak. Op die manier sal ons God se wil volmaak ken en Hom loof en prys.

****